

"ou waenhuis"

*"Die gerwe hoog, die weesboom vas
die buik tot kreunpunt swaar gelaai
die band, die velling, speak en naaf
en as waarom tradisie draai
En eendag teen die horison
sal weer 'n volk se tentwa kom."*

—Tom Ackerman

In Junie 1980 is begin bou aan 'n uitstallokaal - die "Ou Waenhuis" - vir historiese rytuie van die Nasionale Museum. Die "Ou Waenhuis" is gelee tussen Kurk-, Josef Brood- en Sipresbome direk agter die historiese Eerste Raadsaal in St. Georgesstraat. Hoewel die gebou nie 'n presiese replika van 'n outydse waenhuis op 'n plaas is nie, aangesien dit vir uitstaldoeleindes onprakties sou wees, skep dit immers die atmosfeer en voorkoms van 'n waenhuis in die Vrystaatse landelike milieu.

Die "Ou Waenhuis" word die tuiste van onder ander 'n verewa, bokwa, poskoets, muilewa, spaaider en kapkar. Hierdie rytuie is in die Oranje-Vrystaat gebruik as algemene vervoermiddel voordat hulle deur die trein en motor verdring is. Lewers in die veld is die ou staatmakers agtergelaat om swygend te vergaan. Die laaste reis was voltooi.

Vandag is die Nasionale Museum die trotse eienaar van 'n pragtige replika van die bekende Zeederbergkoets. Oor die poskoets skryf Daphne Child: "At the height of stage-coaching, a network of routes covered the Cape, Orange Free State, Natal and the Transvaal and extended far into Rhodesia. The era of the coaches ended only when the railways put them out of business."¹ Hulle het ver oor die Vrystaatse en die

hannes haasbroek


Transvaalse vlaktes van dorp na dorp beweeg deur riviere, slote en spruite, oor koppe en berge en rante.

Die rustige atmosfeer wat die "Ou Waenhuis" omhul, sal herinneringe by oud en jonk opdiep oor vervloe dae toe vervoer geen koorsagtige haas geken het nie. Die verbeeldingsoog kan weer die pronkende perde voor die spaaider, en die trae aanstap van die osse in die stof voor die wa, optower. Hier sal hul lewensverhaal nie vergete raak nie.


Om die "Ou Waenhuis" se karakter af te rond sal 'n paar hoenders en eende op die "werf" rondvroetel, terwyl 'n perd of koei so af en toe 'n kuiertjie sal kom aflê, veral tydens skoolvakansies om die kinders na die plaaslewe terug te voer. 'n Outydse waterpomp sal heerlike drinkwater voorsien vir ieder en elk en die stelvloer van ronde klippe sal die vars geur van perdemis dra. 'die goeie ou dae' sal menige oupas en oumas mymer.

Die "Ou Waenhuis" sal sy deure eersdaags oopgooi vir u om te kom kuier en te verlang. ©


1 Child, D., *Sage of the South African Horse*. Kaapstad, 1967



Verewa.



Poskoets.



Muilewa.